WAARBORGKAART

NORMALE ONDERHOUDSDIENSTE EN VERVANGING VAN DIENSITEMS SOOS UITEENGESIT, IS DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE EIENAAR EN WORD AS SODANIG KRAGTENS DIE BEPALINGE VAN DIENUWE IMPLEMENT WAARBORG, NIE AS GEBREKE IN DIE MATERIAAL EN VAKWERK BESKOU NIE. LUG EN WEERSTOESTANDE, WISSELENDE WERKSTOESTANDE, INDIVIDUELE BESTUUR GEWOONTES EN GEBRUIKSWYSE, BEPAAL TOT 'N GROOT MATE WANNEER EN HOE DIKWELS DIE IMPLEMENT ONDERHOUSDIENS MOET ONTVANG.

LET ASSEBLIEF DAAROP DAT DIE STAALMEESTER DEKKINGSWAARBORG SLEGS GELDIG SAL WEES INDIE HIERDIE KAART VOLLEDIG VOLTOOI IS EN DEUR DIE HANDELAAR, AGENT OF EIENAAR TERUG GESTUUR WORD AAN:

DIE WAARBORGAFDELING:
STAALMEESTER
POSBUS 71
HARTBEESFONTEIN
2600
BINNE **15 DAE** NA ONTVANGS VAN DIE PRODUK.

TIPE PRODUK: _____

OORSPRONKLIKE AFLEWERINGSDATUM: _____

EIENAAR SE NAAM: _____

EIENAAR SE ADRES: _____

_____

EIENAAR SE TEL: _____

VERKOOPSHANDELAAR OF AGENT: _____

Ek erken as eienaar, dat ek die produk nagesien en aanvaar het soos aan my gelewer:

1. Beskerming en instandhouding van die produk;
2. Periodieke instandhouding soos in die Waarborg uiteengesit.

_____

HANDTEKENING VAN EIENAAR

INDIEN ENIGE EISE KRAGTENS DIE WAARBORG EN ARTIKEL MAG ONTSTAAN, WORD TOEGESTEM TOT DIE JURISDIKSIE VAN DIE LANDDROSHOF OM SODOENDE KOSTE VIR BEIDE PARTYE TE BEPERK.

Arnold & Wessels Drukkery Tel: (018) 462 4591/2 - B31267

STAALMEESTER
AGRICULTURAL INPORTS CC
2001/007169/23
HARTBEESFONTEIN
2600

Tel.: (018) 431-0693 / 431 0300
Faks.: (018) 431-0185
E-Pos: staalmes@mweb.co.za

Posbus 71

WAARBORG EN INSTANDHOUDING

STAALMEESTER AS VERVAARDIGER WAARBORG ELKE NUWE STAALMEESTER PRODUK MET INBEGRIP VAN INGEVOERDE PRODUKTE EN ALLE STANDAARD TOERUSTING ONDER NORMALE GEBRUIK EN DIENSTOESTANDE VIR 'N TYDPERK VAN 6 (SES) MAANDE VANAF DATUM VAN AFLEWERING VAN DIE PRODUK.

1. Dit verskaf ons genoë om u verwelkom in die geledere van STAALMEESTER Implemente Eienaars. As u vantevore 'n STAALMEESTER produk besit het, bedank ons u vir u voortgesette ondersteuning. Nougesette studie van die waarborg en streng navolging van die aanbevelings, soos in die handleidings uiteengesit, sal u verseker van baie ure van sorgvrye werkverrigtinge. Ons beveel aan dat u die dienste deur u agent, verkoopshandelaar of STAALMEESTER laat doen. Sou u implemente na 'n ander depot oorgeplaas word, beveel ons sterk aan dat u die diens alleenlik by 'n gemagtigde agent, handelaar of STAALMEESTER laat doen, aangesien hy nougesette skakeling behou met die fabriek. 'n Handelaar sal in die uitvoer van sy pligte slegs goedgekeurde STAALMEESTER onderdele gebruik wanneer vervanging nodig word.

   Die inhoud van hierdie waarborg omskryf die aanspreeklikhede en daarom vra ons u om die vogende heeltemal te verstaan:

   (a) Nuwe Implemente Waarborg;
   (b) Eienaars - verantwoordelikehid;
   (c) Periodieke en Daaglikse Kontrolering.

2. a Die herstel of die vervanging van defektiewe onderdele sal kragtens hierdie waarborg sonder koste vir die onderdele en indien dit by sodanige agent, handelaar of STAALMEEESTER se perseel gedoen is, ook sonder arbeidskoste verrig word. Indien herstelwerk na normale diensure uitgevoer word, sal die koste vir oortyd van die eienaar gevorder word.

   b Die bepalings van hierdie waarbord geld nie vir enige implement wat aan misbruik, nalatigheid of 'n ongeluk blootgestel is, of in so 'n wyse verander is om die werkverrigting en betroubaarheid volgens die vervaardigers se oordeel nadelig te

.../2

affekteer, ook nie vir normale onderhoudsdienstes en die vervanging van diens-items of vir spesiale omgeboude toerusting of vir normale agteruitgang en voorkomingsartikels vanweë slytasie en blootstelling nie.

3. Enige eisondersoek of reparasie wat kragtens hierdie waarborg ingestel word, sal alleen gerig word aan STAALMEESTER of een van sy gemagtigde handelaars of agente.

4. Hierdie waarbord dek nie enige toevallige of voortspruitende uitgawes of verliese wat gely word a.g.v. enige defek insluitend, maar beperk tot aanspreeklikheid vir skadevergoeding, enige akkommodasie, reis of sleepdiens nie.

5. STAALMEESTER mag egter instem tot enige ondersoek deur iemand anders in welke geval die koste daarvan deur die KOPER gedra sal word.

6. Indien die koper nie aan enige van die bogemelde voorwaardes voldoen nie, of die konstruksie, werkverrigtinge of estetiese voorkoms van die produk verander, mag die STAALMEESTER handelaar of agente besluit om hom nie deur die terme van hierdie waarborg te laat bind nie.

7. VOORAFLEWERINGS-ONDERSOEK:
Dit is die verantwoordelikheid van die verkoper om elke STAALMEESTER produk te inspekteer voordat dit aan die kliënt of koper gelewer word, en in orde gevind is ooreekomstig STAALMEESTER of sy handelaar se vooraflewerings-skedule vir nuwe implemente.

(a) DIE WAARBORG SLUIT NIE DIE VOLGENDE IN NIE:

(i) Binne-/Buitebande;
(ii) Laers, Ratte, Kettings en Ratkaste;
(iii) V-Bande en Hidrouliese Toerusting;
(iv) Daaglikse Smerings;
(v) Siwwe;
(vi) Opknappings, bv.: Skoonmaak en die vervanging van Diensitems;
(vii) Kragaftakasse en Kruise;
(viii) Enige agteruigang a.g.v. normale slytasie en/of enige kleinere piepgeluid of geraas of enige geratel aan enige toerusting wat na die mening van die fabrikaat nie tot nadeel van die produk strek nie;
(ix) Enige produk wat vir abnormale doeleindes of enige ander doeleinde waarvoor die produk nie ontwerp is nie, gebruik word;
(X) Enige produk wat op 'n ander manier verkry is as deur STAALMEESTER of sy handelaar of agente;
(xi) Enige onderdeel wat na die mening van die handelaar of agent beskadig is deur nalatigheid, ongeluk of behoorlike instandhoudingsdiens soos in die Maatskappy se waarborg uiteengesit.

.../3

(xii) Enige produk wat bo die normale spoed aangewend word as deur STAALMEESTER gespesifiseer. Alle produkte 520 r.p.m., tensy anders gespesifiseer.
(xiii) Enige ander onderdeel wat deur ongeluk of nalatigheid beskadig is en wat aanleiding kan gee tot beskadiging van onderdele wat die waarborg wel sal dek.
(xv) Enige produk wat bo die aanbevole KW drywing aagewend word.

(b) INSTANDHOUDING:
SIEN DIE VOLGENDE NA (ELKE 4 DAE):

(i) Laers en Slytasie;
(ii) V-Bande;
(iii) Kragaftakasses en Kruise;
(iv) Boute en Moere;
(v) Tap Buste;
(vi) Laer Sluit Buste;
(vii) Gewone laers word geensins gesmeer nie;
(viii) Gewone Slytasie;
(ix) Snymesse, Hamers en Rotors;
(x) Speling en Geraas;
(xi) Ratte en Ketting moet gesmeer word.

(c) ELKE 60 DAE NODIG:

(i) Hammermeulpenne moet opgeweis word waar wasters redelik slytasie toon;
(ii) Snymesse vervang indien nodig;
(iii) Waaiers en Hamers vervang indien nodig;
(iv) Alle onderdele wat abnormale slytasie toon

(d) NADAT PRODUK VIR DIE EERSTE MAAL GEBRUIK IS, MOET ALLE ONDERDELE EN KONSTRUKSIE NAGESIEN EN VERSTEL WORD DEUR DIE KOPER INDIEN NODIG BINNE 2 DAE, SOOS IN DIE WAARBORG UITEENGESIT.